
## BLOMMEFEES

30 Maart 2018 – 2 April 2018 'n Blommefees aan met die Uitbeelding van God se liefde as tema.

Donderdag, 29 Maart 2018 om 19:00, is daar 'n byeenkoms in die kerk wat bestaan uit Woord en Lied. Na die byeenkoms is die saal oop vir besigtiging, waar tee en koffie bedien sal word.



Vrydag tot Maandag, 30 Maart 2018 – 2 April 2018, vanaf 10:00 – 18:00 sal die saal oop wees vir besigtiging. Daar sal ook 'n teetuin wees met heerlike eetgoed.

*Dinsdag na 10:00 sal daar blomme en plante verkoop word in die saal.*

## VLEESBAAI BASAAR

Ons nooi u almal hartlik uit na die Vleesbaai basaar DV op Vrydag, 6 April vanaf 16:00 in die kerksaal op Vleesbaai. Kom kuier, koop, eet en geniet uself!

Heerlike plaasbrood, mosbolletjies, koeke, terte, beskuit en koekies. Basaarpoeding met vla, warm soet kaneelpannekoek, tee, koffie en koeldrank. Watertand kerrie en rys en "hotdogs" met egte Vleesbaai boerewors. Lieflike vars plaas groente en 'n tafel belaai met top kwaliteit vleis en wors. Eie aan ons boere gemeenskap is daar natuurlik ons gesogde afvalpotjie met stampmielies!

Kom proe verseker ook die roosterkoek. Die vulsel is 'n verrassing! En dis nie al nie! Vanaf 13:00, oppad terug van die strand, kan u solank 'n heerlike warm hoendersosatie koop! Snuffel by die wit olifanttafel vir winskope of daai iets wat u lankal op soek na is! Ontspan laat middag met 'n glasie wyn en wors op 'n stokkie in die wyntuin.




So sluit mens mos 'n lekker vakansie af!
Sien julle daar!

## BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 25 Maart 2018**

*"Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig" (Kolossense 1:12)*

## PROGRAM VIR VANDAG *(7de Lydensweek)*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Instituut vir Blindes.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader nie hierdie week nie. Gr 9 en 11 soos deur ds Robert en ds André gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**PAASDIENS:** Om 09:00 in kerkgebou (ds Robert) en Vleesbaai (ds Malherbe).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Eljada Nasorg.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen. Skoolvakansie 29 Maart tot 10 April.


## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

| Ds Danie: | Ds Robert: | Ds André: |
|---|---|---|
| Maandag om 10:00 by Santos 1 en 15:00 by Santos 2. Dinsdag 09:30 in die konsistorie. | Dinsdag 09:00 by 17de Laan 18 pastorie en 19:00 by Tienie Bothastr 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei. | Dinsdag om 09:30 in die kerksaal. Woensdag geen selgroep. |

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.
**Woensdag:** Skole sluit. Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos I (ds André).
**Donderdag:** **Paaswydingsdiens** om **19:00** in kerkgebou. Blommefees begin.
**Vrydag:** **GOEIE VRYDAG.** Nagmaal om 09:00 in kerkgebou (ds Kobus Smit) en om 09:00 op Vleesbaai (ds Robert).

***KERKKANTOOR IS GESLUIT 30 MAART EN 2 APRIL WEENS PUBLIEKE VAKANSIEDAE.***



## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** MAART is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Straatwerk was R2840-00.

**NUUSBRIEF:** Die volgende nuusbrief word DV na die April vakansie uitgegee. U word genooi om iets te skryf vir die nuusbrief.

**KLEREKAS:** Benodig hangers. Gee asb af by die kantoor.

**PROJEK:** Die Vonkelvroue brei handskoene vir die kinderhuis wat hul teen Mei wil stuur. Indien u bereid is om te help brei, kan u die patroon by die kerkkantoor afhaal.

**HERFSDANKFEES:** Baie dankie aan almal wat baie hard gewerk het en mildelik bygedra het. Dit bly altyd 'n hoogtepunt op ons Jaarprogram!

**VERLOF:** Di Danie en André sal DV vanaf 30 Maart tot 9 April met verlof wees. Kontak gerus vir ds Robert indien u 'n dominee benodig. (Tel: 044-6912244 of 084 684 1304).

**HEKEL- EN BREIGROEP:** U word hartlik uitgenooi om Woensdae 10:00—12:00 in die saal, saam te kom kuier, hekel of brei aan u eie handewerk.

**BEWYSE ONTVANG:** Frederick JW Calitz (Vleesbaai), Magdalena S Calitz en Frederick JW Calitz Jnr vanaf Universitas-Wes. Hartlik welkom!

**AKKOMMODASIE:** Kamer met badkamer beskikbaar vir 1 persoon in Heiderand. Kontak 082 663 0465 vir 'n afspraak.

**OPSTANDINGSONDAG:** Ons gaan weer met Opstandingsondag by Diazstrand (reg voor die hotel) bymekaar kom om die dag saam met die Sonsopkoms te vier. Kyk hoe laat die son opkom en wees so 15 min voor die tyd daar. Trek baie gemaklik aan en bring sommer 'n koffiemandjie om na die tyd saam koffie te drink.




### DROë VRUGTE:

Gedroogte perskes, by die kerkkantoor beskikbaar.

1kg geskil @ R85
1kg ongeskil @ R65
500g geskil @ R45
500g ongeskil @ R35



## GEBEDSBULLETIN


**Maart se tema: God se Koninkryk**

Hierdie week se DANKSEGGING:

* Dat God se Koninkryk kom waar mense sy wil doen.
* Die seën op die Dankfees.
* Dat ons as gemeente 'n eenheid is (en kan wees) tsv ons verskeidenheid.
* Vir die komende Paasfees (wydingsdiens, Blommefees, Nagmaal, Sonsopkoms-byeenkoms en Opstandingsdiens).
* Vir die voorreg om in Mosselbaai te woon.

Hierdie week se VOORBIDDING:

* Die Instituut vir Blindes - dis in 1881 deur die NG Kerk gestig en bedien persone wat blind, swaksiende, doofblind en siggestremd met bykomende gestremdhede is. Deur opleiding, ontwikkeling en versorging word hulle bemagtig tot 'n vervulde lewe en volle burgerskap.
* Paasfees met Blomme - beplanning. Bid dat mense die boodskap sal verstaan en nie net die mooi blomme sal raaksien nie.
* Paaie gedurende die Paasnaweek.
* Ons huisgesinne en die hooplose situasie van miljoene armes in SA.
* Bendegeweld, verkragtings, en gewapende roof (veral in Kaapstad).
* Droogte in die Wes- en Oos Kaap.




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Petro du Plooy Santos Haven, Jan Louw Fynboshoogte, Anton en Marianne Pauw Boggomsbaai, Drienie Muller Mopaniestr, Baby van Rooyen Santos Haven, Elizé Oosthuizen 18de Laan, Pierre Swart Kokerboomstr, Johan Meyer 12de Laan, Elmaryn Dippenaar Ons Huis, Riana—dogter van Japie van Rensburg Vleesbaai, Hannes Theron Edgar Furnesstr.

**STERFTES:** Susterskind van Wilna van Zyl Fijnboschpark, Linda Fourie (skoonsuster van Maretha en Christo Fourie), Sarie Verwey Barlowstr (moeder van Pella en Johanna Aylward).